

# Tydlike COVID-19- versorging weg van die huis af

**Moet asseblief nie paniekerig raak nie.** Die meeste mense met COVID-19 kry ligte tot matige simptome en hoef nie by 'n hospitaal behandel te word nie. Die rede hoekom jy gevra is om by 'n fasiliteit te bly, is omdat jy nie 'n ekstra kamer by die huis het nie of dis nie veilig om by die huis te wees nie. Die Wes-Kaapse Regering en munisipaliteite bied gemaklike fasiliteite waar jy van jou familie afgesonder kan word totdat dit veilig is om terug te keer huis toe.


**Isolasie** is wanneer 'n persoon wat wel COVID-19 het, afgesonder word van ander mense.

**Kwarantyn** is wanneer 'n persoon wat nie COVID-19 het nie maar wel in noue kontak was met iemand wat dit het, van ander mense geskei word of wanneer 'n persoon op toetsuitslae wag.

## Tydlike COVID-19- fasiliteite:

- **Isolasiefasiliteite** vir ligte tot matige simptome waar jy van COVID-19 kan herstel (gewoonlik 10 dae)
- **Hospitale** – vir ernstige simptome
- **Kwarantynfasiliteite** vir 'n langer termyn vir mense wat nabye kontakte was (gewoonlik 7 tot 10 dae)

**Dit is belangrik dat alle mense wat deur COVID-19 geraak word, apart gehou word om te verhoed dat die virus verder versprei. Mense wat wel COVID-19 het, sal in aparte fasiliteite wees. Mense wat op toetse wag asook kontakte kan in dieselfde fasiliteit wees, maar hulle sal geskei word.**



### MAAK VEILIGER KEUSES

1. Siek? Bly tuis & reël 'n toets
2. Behou fisieke afstand
3. Dra 'n masker
4. Bedek jou hoes
5. Maak deure & vensters oop
6. Vermyn skares, nabye kontak & beknopde ruimtes
7. Was/ontsmet hande gereeld

Dis baie moeilik om van jou familie geskei te word, maar dit is noodsaaklik om te keer dat die virus na jou geliefdes en gemeenskap versprei. Jou gesondheidswerker en maatskaplike dienste sal jou raad gee oor die voordele van versorging weg van die huis.



Wes-Kaapse inbelsentrum:  
**0860 142 142**

WhatsApp: "Hi" na  
**0600 123 456**



Wes-Kaapse  
Regering

**BLY VEILIG**

**GAAN  
VOORT**


# Wat moet ek saambring?

Dis soos om vir 'n tyd weg te gaan.




Genoeg klere  
en nagklere vir  
jou verblyf

Gunsteling peuselhappies  
of lekkernye




Tandeborsel, tandepasta  
en ander toiletware

Handdoeke,  
waslappe, seep



'n Selfoon  
en laaier




Kroniese medikasie



Iets wat jou aan jou  
geliefdes herinner bv.  
foto van die familie

Boeke, tydskrifte  
of kunsvlyt (bv.  
brei, naaldwerk,  
houtsneekuns)

'n Gunstelingkussing  
of -kometers



Los  
waardevolle  
items  
asseblief by  
die huis.



## Wat kan ek te wagte wees?

- 'n Kamer en toegang tot 'n badkamer
- Gereelde etes
- Om jou simptome te monitor en aan te meld
- Om jou eie foon te gebruik om in kontak te bly met jou geliefdes
- Om jou eie kamer skoon te maak
- Reëls om ander besoekers en personeel te beskerm bv. om nie jou kamer te verlaat nie
- Geen besoekers sal toegelaat word nie
- Geen alkohol of dwelms sal toegelaat word nie
- Raad van jou gesondheids- en maatskaplike werker wanneer jy weer huis toe gaan

## Wat kan my huishouding te wagte wees?

- Gesondheidspanne sal die risikovlak in elke huishouding assessee, en toetse en kwarantyn aanbeveel soos nodig.
- Jong kinders sal nie van hul ma's of versorgers geskei word nie.
- Gesondheidspersoneel sal saam met gemeenskapsleiers werk om te verseker dat jou huishouding nie geviktimiseer word nie. Alle dreigemente word in 'n ernstige lig beskou en indien nodig, sal die lede van jou huishouding iewers anders geakkommodeer word totdat hulle veilig kan terugkeer. Alle veranderinge sal duidelik aan jou oorgedra word.



BLY VEILIG

**GAAN  
VOORT**



Wes-Kaapse  
Regering